# Span hou stad skoon, vee verslawings weg

CHARNÉ KEMP

Dit is danksy Phoebe Loff se dissipline, betroubaarheid en toegewydheid dat die Sol Plaatje-munisipaliteit haar lof toeswaai en haar span gekontrakteer het om sekere gedeeltes in Kimberley skoon te maak.

Net verlede week het die sypaadjie en eilande van Memorialweg en Du Toitspanweg weer nuwe lewe gekry. Thoko Riet, munisipale woordvoerder, sê hulle hoop hul werksverhouding met haar en haar span sal voortduur om Kimberley weer te laat skitter.

"Sy is 'n kontrakwerker wat die munisipaliteit van die begin van die jaar aangestel het. Die span het 'n aansienlike verskil aan die beeld van die stad gemaak.

"Dit is 'n plesier om te sien hoe sy haar span bestuur en motiveer. Hulle is hoogs gedissiplineerd en het 'n passie vir 'n skoon en netjiese omgewing."

Phoebe's Green Team is 'n geregistreerde niewinsgewende organisasie wat met 'n span van 24 algemene werkers die parke-afdeling met die skoonmaak- en verfraaiingsprogram bystaan.

"Ons het ook 'n span van die uitgebreide openbare werke-program (EPWP) wat van die stadskern tot in Galeshewe werk. Maandae tot Vrydae werk hulle in twee skofte, die een begin om 06:00 tot 14:00 en die tweede skof werk van 14:30 tot 20:00. Die spesiale span werk net naweke en openbare vakansiedae van 08:00 tot 15:30 in die stadskern," sê Riet.



Phoebe Loff van Phoebe's Green Team en haar werkers is deur die Sol Plaatje-munisipaliteit gekontrakteer om sekere ingangsroetes skoon te maak. FOTO: CHARNÉ KEMP

Phoebe lag wanneer sy die Koningin van Kimberley, die kaptein van die span, antie, granny of ouma genoem word. Sy gee werk aan jong mense wat onafhanklik van drank en dwelms, en maatskaplike toelaes wil leef.

"Dit is in my bloed om jong mense leiding te gee om vir hulself te sorg en trots op hul werk te wees. Ek leer jongmense van werksetiek en verantwoordelikheid. En ek hou van skoonmaak," sê sy.

Haar span moet haar reëls nakom. Geen leeglê, geskinder of baklei nie. Niemand mag met oorfone werk of plat lê tydens teetye of etenstye nie.

Sy het 'n kontrak tot Desember met die munisipaliteit om meestal die verkeerseilande en sypaadjies op die hoofroetes skoon te maak.

Mense oorval haar vir werksgeleenthede. Daarom werk sowat 20 jongmense vrywillig saam met haar span in die hoop dat hulle werk kan kry. Gelukkig gaan die departement van openbare werke en paaie hulle nou op 'n kontrak in diens neem, sê sy.

Sy het in 2008 met skoonmaakprojekte begin om vrygelate misdadigers of mense wat onder korrektiewe toesig is 'n doel in die lewe te gee. Hulle het destyds vrywillig drie skoolterreine in Galeshewe skoonmaak.

"Later het ek skoonmaakprojekte vir die EPWP-program gedoen, waarna ek 'n ruk tuis gebly het. In 2017 het ek my eie skoonmaak-projekte begin, want die stad was baie vuil. Met die eerste vergadering het ek 20 mense verwag, toe daag 50 op. Een van die voorwaardes was dat elkeen sy eie graaf of hark bring, en dat hulle stad toe loop. Gelukkig stuur die Here toe 'n kombi sodat ons kon ry."

Sy het briewe by besighede afgegee en ondersteuning gevra en gekry.

"Ná 'n ruk het die departement van natuurbewaring en die speaker by die wetgewer ons werk raakgesien en oorpakke en kontrakte gegee. Ek het geld by die Lotto (Nasionale Loterykommissie) gekry, en later die munisipaliteit."

Johanna Mojale wat al sedert 2017 saam Loff werk, sê sy is trots op hul goeie werk om die stad skoon te maak. Joy Modise en Miekie Jooste sê hulle kan vir hul kinders sorg, en klere, skoolgeld en vervoer betaal.

Lizzie Seleho sê dit is lekker om nie doelloos by die huis te sit nie. Eileen Phakathi voel sy is 'n beter mens omdat sy nie meer aan drank verslaaf is nie en huisverbeteringe met haar verdienste kon doen.


AECOM Imagine it. Delivered.

**BASIC ASSESSMENT (BA) PROCESS FOR THE PROPOSED DEVELOPMENT OF A BATTERY ENERGY STORAGE SYSTEM (BESS) AND ASSOCIATED INFRASTRUCTURE AT THE CUPRUM SUBSTATION LOCATED WITHIN COPPERTON, NEAR THE TOWN OF PRIESKA, NORTHERN CAPE PROVINCE**

**Date of Advertisement: 4 Augustus 2022**

Notice is hereby given that Eskom Holdings SOC Limited (Eskom) proposes to undertake Basic Assessment (BA) process for the proposed development of a Battery Energy Storage System (BESS) and associated infrastructure at the Cuprum Substation located within Copperton, near the town of Prieska, Northern Cape Province.
This notice is issued in terms of Chapter 6, Section 41 of Government Notice Regulation (GNR) 982 of the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations (2014), as amended. These regulations fall under the ambit of the National Environmental Management Act (No. 107 of 1998), as amended (NEMA).

The development involves the installation and establishment of a BESS and associated infrastructure to accommodate the storage of energy. The project activities will include the following:

- Re-alignment of the Cuprum/Karoo 66kV and Cuprum/Kronos 11kV overhead lines along the peripheries of the Eskom property boundary to make provision for the BESS and substation expansion;
- Extension of the Cuprum Substation's fence around the substation to include the BESS area;
- Extension of the Cuprum Substation's 132kV busbar to make provision for the new transformer which will extend the substation on the south-western side;
- Establishment of the BESS control room in an existing building located within the Cuprum Substation;
- Establishment of the BESS containers on a cleared area and connection to Eskom grid infrastructure;
- Extension of the existing road by 180m which will connect to the runway inside the Cuprum substation; and
- Relocation of a 170m water pipeline with a diameter of 32mm.

The project will be located at the existing Cuprum substation (29°57'33.14"S 22°18'1.26"E) on Vogelstruis Bult Farm 104 Portion 5 and Vogelstruis Bult Farm 104 Portion 25.

In terms of Sections 24(2) and 24D of NEMA, as amended, and as read with the EIA Regulations (2014), as amended, a BA process is required for the proposed development. The proposed project triggers GNR 983 (Listing Notice 1): Activity 11,14 and 27.

**REGISTRATION OF INTERESTED AND AFFECTED PARTIES (I&APs):**

The Draft BA Report and associated Environmental Management Programme (EMPr) will be made available for public review for a period of 30 days as required in terms of Chapter 2, Section 3(8) of the EIA Regulations of 2014, (as amended). The public review and commenting period commences from 10 August 2022 to 9 September 2022. In order to access the report please visit the following website link :

| Website Link | Validity Period |
|---|---|
| https://aecom.com/eskom_prieska_bess | 10 August 2022 – 9 September 2022 |

Should you require assistance in downloading the document, or require a hard copy, kindly contact AECOM at the contact details below. Please submit your name, contact information, interest in the project and any comments you may have, to the contact person indicated below before or on the 7 September 2022. This will ensure that you are registered as an I&AP and will receive future correspondence regarding the BA process for the proposed project.

| ORGANISATIONS INVOLVED | | |
|---|---|---|
| Applicant | : | Eskom Holdings SOC Limited |
| Independent Environmental Assessment Practitioner (EAP) | : | Sarah Caulfield from AECOM SA (Pty) Ltd |
| Environmental Authorisation Competent Authority | : | Department of Forestry, Fisheries and the Environment |

Please direct enquiries or comments to Sarah Caulfield at AECOM:
**Tel:** (+27) 82 385 9881
**Post:** P O Box 3173, Pretoria, 0001
**E-mail:** sarah.caulfield@aecom.com

X1XC2DWX-NK040822



AECOM Imagine it. Delivered.

**KENNISGEWING VAN AANSOEK OM OMGEWINGSMAGTIGING VIR DIE VOORGESTELDE BATTERY ENERGIE STOOR STELSEL EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR BY DIE BESTAANDE CUPRUM SUBSTASIE GELEE IN PRIESKA, NOORD-KAAP PROVINSIE**

**Datum van Advertensie: 4 Augustus 2022**

Daar word hiermee kennis gegee dat Eskom Holdings SOC Beperk (hierna verwys as 'Eskom') voorstel om 'n aansoek in te dien vir 'n omgewingsmagtiging met behulp van 'n basiese omgewingsassessering en gepaardgaande openbare deelnameproses vir die ontwikkeling van 'n Battery Energie Stoor Stelsel (BESS) en verwante infrastruktuur by die Cuprum substasie in Prieska, Siyathemba Plaaslike Munisipaliteit, Noord-Kaap Provinsie.

Die kennisgewing word uitgereik in terme van Hoofstuk 6, Gedeelte 41 van Regulasie 982 van die Omgewingsimpak Studie Regulasies van 2014 (soos gewysig). Hierdie regulasies val onder die omvang van die Nasionale Omgewingsbestuurswet van 1998 (Wet No. 107 van 1998), soos gewysig.

Die projekaktiwiteite sal die volgende insluit:
- Herbelyning van die Cuprum/Karoo 66kV en Cuprum/Kronos 11kV oorhoofse lyne langs die periferies van die Eskom eiendomsgrens om voorsiening te maak vir die BESS en substasie uitbreiding;
- Uitbreiding van die Cuprum Substasie se heining om die substasie om die BESS area in te sluit;
- Uitbreiding van die Cuprum-substasie se 132kV-rail om voorsiening te maak vir die nuwe transformator wat die substasie aan die suidwestelike kant sal verleng;
- Oprigting van die BESS beheerkamer in 'n bestaande gebou geleë binne die Cuprum Substasie;
- Vestiging van die BESS-houers op 'n skoongemaakte area en verbinding met Eskom-netwerkinfrastruktuur;
- Verlenging van die bestaande pad met 180m wat by die aanloopbaan binne die Cuprum substasie sal aansluit; en
- Hervestiging van 'n 170m waterpypleiding met 'n deursnee van 32mm

Die projek sal by die bestaande Cuprum substasie (29°57'33.14"S 22°18'1.26"E) op Vogelstruis Bult Plaas 104 Gedeelte 5 en Vogelstruis Bult Plaas 104 Gedeelte 25 geleë wees.

Die voorgestelde ontwikkeling behels gelysde aktiwiteite in terme van die Nasionale Omgewingsbestuurswet en Omgewingsimpak Studie Regulasies van 2014 (Reguleringskennisgewing Regulasie 983) en benodig dus dat 'n basiese omgewingsassessering en gepaardgaande openbare deelnameproses gevolg word as deel van die aansoek vir omgewingsmagtiging. Die voorgestelde projek lei tot GNR 983 (Lyskennisgewing 1): Aktiwiteit 11,14 en 27.

**REGISTRASIE VAN BELANGHEBBENDES EN PUBLIEKE DEELNAME PROSES VIR DIE KONSEP BASIESE OMGEWINGSASSESSERING :**

Die konsep Basiese Omgewingsasseerings Verslag sal beskikbaar gestel word vir 'n 30-dae publieke deelname proses ingevolge die vereistes van Hoofstuk 2, Gedeelte 3(8) van die Omgewingsimpak Studie Regulasies van 2014 (soos gewysig). Alle belanghebbendes word dus hiermee uitgenooi om te registreer op die projek databasis, met behulp van die kontak besonderhede verskaf hieronder. U sal dan op hoogte gehou word van enige verdere projekopdaterings en geleenthede vir betrokkenheid by die projek. Die voorgestelde projek lei tot GNR 983 (Noteringskennisgewing 1): Aktiwiteit 11,14 en 27.

Neem asseblief kennis dat die publieke deelname en kommentaar periode op die konsep Basiese Omgewingsbestuurswet en Omgewingsimpak Studie Regulasies van 2014 (Reguleringskennisgewing Regulasie 983) ... Omgewingsasseerings Verslag vanaf 10 Augustus 2022 tot en met 9 September 2022 (in gesluit) sal wees. Gebruik die webwerf skakel verskaf hieronder om elektroniese toegang tot die verslag te kry.

| Webwerf Skakel | Kommentaar Periode |
|---|---|
| https://aecom.com/eskom_prieska_bess | 10 Augustus 2022 – 9 September 2022 |

Laat weet graag as U enige hulp benodig om elektronies toegang tot die verslag te kry. Verder, stuur asseblief alle kommentaar deur na die AECOM kontak person by die kontak besonderhede verskaf hieronder.

| Orgnisasies Betrokke | | |
|---|---|---|
| Aansoeker | : | Eskom Holdings SOC Beperk |
| Onafhanklike Omgewingspraktisyn | : | Sarah Caulfield van AECOM SA (Pty) Ltd |
| Bevoegde Owerheid vir Omgewingsmagtiging | : | Nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing |

Stuur graag alle vrae en kommentaar deur na Sarah Caulfield by AECOM:
**Selfoon:** (+27) 82 385 9881
**Pos:** Posbus 3173, Pretoria, 0001
**E-pos:** sarah.caulfield@aecom.com

X1XC2DWW-NK040822